

GROEP NOTAS

JESUS (in die boek Mattheus)

Hoofstuk 10-18.

22 Oktober 2017

- **UP:** Wat was positief van die afgelope week? Enige goeie nuus? Waarvoor is jy dankbaar? Het jy 'n getuigenis van iets wat God gedoen het?
- **IN:** Lees die volgende Skrifte saam deur en bespreek die vrae:

“Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie maar die swaard. 35 Ek het gekom om tweedrag te bring “ ‘tussen 'n man en sy vader en tussen 'n dogter en haar moeder, tussen 'n skoondogter en haar skoonmoeder; 36 ja, 'n man se huismense sal sy vyande wees.’ 37 “Hy wat sy vader of moeder liever het as vir My, is nie werd om aan My te behoort nie; hy wat sy seun of dogter liever het as vir My, is nie werd om aan My te behoort nie. - Matt 10:34-37

- Hoe voel jy soms teenoor familieleden en vriende wat nie jou Christelike oortuigings deel nie?
- Het jou Christenskap al konflik veroorsaak tussen jou en 'n familielid of 'n goeie vriend wat nie 'n ware Christen is nie?
- Wat dink jy moet ons gesindheid en optrede wees teenoor vriende en familie wat nie Christene is nie?

Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. - Matt 11:28

- Baie keer “oorlaai” ons onself met dinge in ons daaglikse lewe. Oorlaai beteken om te veel gewig te dra – meer as wat gedra moet word. Waarmee oorlaai jy jouself?
- Hoe dink jy kan ons, ten spyte van besige lewens, Jesus se rus ontvang?

Dit verseker Ek julle: Wat julle ook al op die aarde toesluit, sal in die hemel toegesluit bly; en wat julle ook al op die aarde oopsluit, sal in die hemel oopgesluit bly. – Matt 18:18

- Daar is nie slegte dinge in die hemel nie. Dit gaan dus hier oor ons verantwoordelikheid en gesag om dinge wat in die hemel is hier op aarde 'n werklikheid te maak.
- Kan jy dink aan situasies waar jy ‘hemelse dinge’ oopgesluit het vir iemand op die aarde? (bv. vergifnis, liefde, vriendelikheid, geduld, goedhartigheid, vrygewigheid, genesing...)
- Kan jy dink aan 'n situasie waar jy ‘hemelse dinge’ toegesluit het...?
- Waarheen kan jy hierdie week gaan om ‘hemelse dinge’ te gaan oopsluit?
- **OUT:**
- Bid vir mekaar sodat ‘hemelse dinge’ sal oopgesluit wees oor 'n spesifieke situasie.
- Bid vir ongeredde vriende en familie.